Gebed van Pous Franciscus tot Onse Liewe Vrou

O Maria

U skyn altyd lig op ons reis
As ‘n teken van redding en hoop.

Ons vertrou onsself aan u toe, Gesondheid van die Siekes,
Wat by die voet van die Kruis
Verenig was met Jesus se lyding
En volhard het in geloof.

Beskermer van alle mense.
U ken ons behoeftes
En ons weet dat u sal voorsien
Sodat, soos by Kana in Galilea,
Vreugde en fesstlikheid mag terugkeer
Na hierdie tyd van swaarkry.

Help ons, Moeder van Goddelike Liefde’
Om ons te versoen met die wil van die Vader
En om te doen wat Jesus aan ons se.

Want hy het ons lyding op hom geneem
En homself met ons smarte belas
Om ons deur die Kruis te bring
Na die vreugde van die Opstanding

Amen.

Ons vlug na u beskerming,
O Helige Moeder van God:

Verag nie ons smekinge nie,
Maar red ons altyd
Uit alle gevare en nood,
O Glorieryke en Geseende Maagd.